Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, October 10, 2021

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



**Waak teen diegene wat jou probeer oortuig om jou buitelandse-beleggingstoegewing te gebruik om in 'n Guernsey-gevestigde aftreefondstrust te belê. Op die foto is 'n uitsig oor die hawe van St. Peter.** | FOTO: ISTOCK

# Wegkom van Jan Taks? Droom voort

## Moenie val vir die foefie om jou geld in 'n Guernsey-gevestigde aftreefondstrust te belê nie

Ek hoor van lesers dat veral in Gauteng daar buitelandse trustsmouse rondloop met 'n "internasionale aftreeplan" wat die wonderlikste belastingvoordele bied.

Ek het gaan kyk en hier is die feite.

Die probleem met dié tipe ding is dat smouse (ek noem hulle smouse, want hulle gee nie finansiële raad nie, hulle smous 'n produk) 'n brosjure onder mense se neus druk met stellings wat bloot nie waar is nie, of net halfwaar of totaal irrelevant is. Ongelukkig val baie vir dié snert, want dit klink goed, veral die belastingvoordele.

Die "plan" werk min of meer as volg.

Jy "belê" jou geld in 'n Guernsey-gesetelde aftreefondstrust (met 'n onderliggende uittreeannuïteit) deur gebruik te maak van jou buitelandsebeleggingstoegewing (tot R10 miljoen per jaar). Net hier lê my eerste probleem.

'n Trust kan beleggings hou, maar 'n trust kan nie 'n uittreeannuïteit (UA) hou nie. Dalk speel die ouens daar in Guernsey met woorde, maar jy kan óf jou geld in 'n uittreeannuïteit belê óf in 'n trust.

Maar kom ons los dié een net daar.

### Jy gaan nie van belasting wegkom nie

Die trust betaal nie belasting in Guernsey nie, sê hulle. Dit is waar, neem ek aan, maar hoe relevant is dit vir jou? Glad nie. Dis nie die trust se belasting waaroor jy jou moet bekommer nie, dit is hoe belastings jou tref.

As inwoner van Suid-Afrika (selfs al woon jy in die buiteland, maar het nie formeel geëmigreer nie) is jy hier belastingpligtig. En wel op jou wêreldwye bates, of inkomste.

Hiervan gaan ons nie wegkom nie. Ons is nog twee maande weg van Kersfees, maar ek hoor geen gerugte dat ons belastingbaas, Edward Kieswetter, vir hom 'n Kersvader-oorpak bestel het nie.

Kom ons kyk na die belastings spesifiek.

Daar is, so sê hulle, geen geskenkbelasting ter sake wanneer jy jou geld belê in hierdie aftreefondstrust nie. Want (is die argument) daar is geen "vrygewige beskikking" van jou geld nie.

Is dit onwaar, halfwaar of irrelevant? Dit hang af.

As jy jou geld in 'n doodgewone UA plaaslik belê, is geskenkbelasting ook nie ter sake nie. En die rede is eenvoudig: Dit is jou UA, jy gee nie jou belang daarin prys nie.

Maar as jy dit aan 'n trust oordra is dit 'n beskikking. Jy doen afstand daarvan.

Dit behoort nou aan die trust. En dan is geskenkbelasting jou voorland.

Weet dit. Aanvaar dit.

Anders moet jy die geld aan die trust leen en dan is daardie uitstaande leningsrekening wel 'n bate in jou boedel. Dis die een, of die ander.

Jou belegging in die aftreefondstrust is vrygestel van boedelbelasting, sê hulle.

Is dit onwaar, halfwaar of irrelevant?

Weer, dit hang af.

Trustbates is in die algemeen vrygestel van boedelbelasting, maar daar is 'n rede voor.

Dit is omdat trustbates nie jou bates is nie en dus nie in jou boedel val vir boedelbelasting nie. En dit sal net die geval wees as jy, toe jy die geld belê het, geskenkbelasting daarop betaal het.

Anders is daar 'n uitstaande leningsrekening, soos ek hierbo noem, en dit is 'n bate in jou boedel en vatbaar vir boedelbelasting.

Jy kon presies dieselfde bereik het deur jou geld hier in 'n UA te belê. Sonder die beslommernis van trustees wat jou 'n rat voor die oë probeer draai.

### Davis-kommissie vra ondersoek

Net om te wys ek is darem in goeie geselskap wat my standpunte betref.

Die Davis-belastingkommissie het reeds by die SA Inkomstediens aanbeveel dat hierdie sogenaamde buitelandse trust/aftreefonds ondersoek word. Dit word gesien as 'n verberging van die ware reëling tussen die Suid-Afrikaanse belastingbetaler en die buitelandse trust/aftreefonds. Die verskil tussen my en regter Dennis Davis is dat hy dalk net meer beleefd is. Ek noem dit sommer reguit 'n foefie.

Maar daar is nog. Kom ons kyk.

Jy kan te enige tyd tussen 50 en 75 jaar oud al jou kapitaal onttrek of 'n gereelde inkomste neem. En dan kom die halwe waarhede.

Daar is geen belasting betaalbaar op inkomste en kapitaalgroei voordat jy jou voordele neem nie. Ja, ook nie in 'n UA hier by ons nie.

Voordele wat betaal word uit kapitaal is belastingvry. Ja, ja, ook nie wanneer ek kontant by die bank onttrek of uit enige ander belegging nie. Daar is eenvoudig nie belasting op kapitaalonttrekkings nie.

Soos ek sê, foefies. Jy sal beter doen in 'n plaaslike UA as jy die beskerming van die pensioenfondswet wil hê. Of met 'n doodgewone polis, as jy voel jy betaal te veel aan belasting.

En hier is die kersie op die koek: Hierdie belastingspeletjie - terwyl ons wag op Jan Taks om ons in te lig hoekom niks sin maak nie - gaan jou 'n plaas se prys kos.

Dink aan meer as R10 000 as afskop met tot R16 000 se jaargeld en meer as R30 000 se beëindigingsgeld as jy wil geld onttrek of oorplaas en verdere transaksiegeld van tussen R3 000 en R10 000 per keer.

Geen wonder hulle smeer die belastingfoefie so onder jou neus nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.